MARIA DE BEER
*Keimoes en omgewing: 'n Kultuurhistoriese verkenning*
Keimoes: Munisipaliteit van Keimoes
1992
238 pp.
Prys nie vermeld
ISBN 0620 17124 3

Vanweë die skraal oes aan historiese werke oor Noord- en Noordwes-Kaapland moet hierdie werk oor Keimoes sekerlik verwelkom word. Dit verskaf 'n beeld van menslike aktiwiteite van ongeveer 1870 af tot betreklik onlangs, hoewel 'n definitiewe afbakening ontbreek. Die boek, wat in opdrag van die Stadsraad van Keimoes geskryf is, bevat 'n magdom inligting oor aspekte van die landbou, plaaslike bestuur, grondbesit, militêre gebeure, handel, kerklik-godsdienstige lewe, onderwys en kommunikasie.

Vir die plaaslike inwoners sal die werk met sy ryke tafereel van besonderhede beslis van groot nut wees. Dit sal in die woorde van prof. Floors van Jaarsveld in sy aanbeveling heel moontlik 'historiese bewussyn by die lesers wek' en hulle 'oriënteer op hulle verlede en omgewing'. Soos die outeur egter aandui, sal aaneenlopende familiegeskiedenisse of ál die staaltjies uit die verlede egter nie gevind word nie.

Die werk beslaan agt hoofstukke, hoewel daar nie nougeset by tydafbakenings gebly word nie. Trouens, die outeur spring soms redelik rond ten opsigte van die chronologie. So word in hoofstuk vyf - wat veronderstel is om die tydperk 1889-1899 te dek - by 1916 en selfs 1922 gaan draai. Die hoofstukbenamings en -afbakening kom ook ietwat arbitrêr voor. Hoofstuk vyf is getiteld '1889 tot 1899: Gevestigde landbou skiet wortel' maar dit handel hoofsaaklik oor grondtransaksies, die posdiens, dorpbestuur, kerk, sakesektor en onderwys sonder enige sistematiese bespreking van die landbou. Subopskrifte lyk geforseerd en dien basies net om soms uiteenlopende temas saam te bind. Die eerste sewe hoofstukke word in 112 bladsye behandel, terwyl die laaste hoofstuk net soveel bladsye beslaan.

Die wyer leserspubliek, veral akademici, sal waarskynlik heelwat vrae oor die studie hê. Vermelding word gemaak dat die boek 'kultuur-histories' geskryf is, sonder dat 'n uiteensetting van wat dit behels, gegee word. Voorts kan prof. Van Jaarsveld se siening dat die werk op deeglike navorsing berus, bevraagteken word. Weliswaar is heelwat bronne geraadpleeg en goed aangewend. Tog val dit op hoe min argivale navorsing werklik gedoen is. Die argiewe van die kroonkolonie Brits-Betsjoeanaland, asook dié van sowel die staatsdepartemente van die Kaapse koloniale administrasie as die latere Kaapse Provinsiale Administrasie kon met groot vrug gebruik gewees het. Dieselfde geld vir die ryke dokumenteverskeidenheid in die Sentrale Argiefbewaarplek vir die tydperk ná 1910. Dit kon die gebrekkige sintese van die navorsing beslis versterk het en die skrywer se talle onbeantwoorde vrae - soos blyk uit vae stellings soos 'dit wil voorkom', 'die vermoede bestaan', 'dalk', 'dit blyk' en 'na bewering' - beter toegelig het.

Selfs nie alle sekondêre bronne is geraadpleeg nie. So gaan die argument dat daar min oor die eerste Koranaoorlog bekend is nie op nie. Die bydraes van Maritz Broodryk, Robert Ross, Theresa Strauss en C.J.S. Scheepers Strydom kon die outeur straks tot ander insigte gedwing het. Historici sal dit ook onaanvaarbaar vind dat 'onaangename gebeure uit die verlede' doelbewus verswyg word. By implikasie het 'n mens dan hier te make met 'n eensydige weergawe van slegs die 'aangename gebeure' wat op Keimoes plaasgevind het. Dit wil verder voorkom asof hierdie werkswyse slegs ten opsigte van die Afrikaner se doen en late gevolg is, want die outeur huiwer nie om na die 'sluwe' Klaas Lukas, die 'roekelose' Donker Malgas of die Pool L.G. Panizza wat 'hom graag aan drank vergryp' het en 'voortdurend dronk' was, te verwys nie.

Soms laat taal, styl en tegniese versorging veel te wense oor. Afgesien van eienaardige skryfwyses soos ('19-sestigerjare') en spelfoute (byvoorbeeld Korannas in plaas van Koranas), ontbreek gans te veel voorletters of name van persone, terwyl mate en gewigte nie konsekwent gemetriseer is nie. Voorts is die bronnelys onvolledig en kom lastige teksverwysings aan die einde van feitlik elke paragraaf voor. 'n Pluspunt is die nuttige register en chronologie aan die einde, asook die treffende en kleurvolle omslag. Dit is egter byna onvergeeflik dat minstens die titel nie op die rugkant van die boek verskyn nie.

Samevattend kan die boek as 'n aanwins vir Keimoes en sy mense beskou word. Dit bevat onder meer treffende en soms kostelike vertellings oor aspekte soos die stryd teen die natuur en vroeëre drankstokery. Die soms onvermydelike kroniekagtigheid en magdom onverteerbare feite waarmee die leser gebombardeer word, sal die boek se toeganklikheid vir 'n wyer leserskring egter beperk - veral ook omdat Keimoes van die gelyklopende nasionale gebeure en invloede geïsoleer word.

P.H.R. SNYMAN
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*